PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

13 Februarie 2022

Vanoggend

Skrifgedeelte: Matt 12:43-45
Tema: Die ligte brand, maar daar is niemand tuis nie ... !!

Ons Program

Vandag 13 Februarie

- **Informele Erediens** om 9:30 en Ons Woning om 11:00 olv ds. Gerrie van Dyk van die Bybelgenootskap
- **Sondagskool**
- **Deuroffer:** CLF
- **Verversings**: Kom geniet gerus iets te drinke en te ete na die erediens.

Woensdag 16 Februarie

- **Kerkraadsvroue-vergadering** om 14:30 in die kerksaal. Daar moet asb ten minste een verteenwoordiger per wyk teenwoordig wees, indien moontlik beide ouderling- en diakensvrou. Indien een van daardie twee nie kan kom nie, moet 'n ander verteenwoordiger uit die wyk asb die vergadering bywoon. Dit is die enigste inligtingsvergadering van hierdie jaar, so kom asseblief om te hoor hoe jy diensbaar kan wees in die gemeente van die Here. Daar sal iets te eet en te drink wees. Dit sal teen 15:30 (op die laatste 16:00) klaar wees.

Sondag 20 Februarie

- **Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool en kategese**
- **Deuroffer**: Ons Woning

Ons Bybellees-program

- Ons begin vandag met die **Evangelie volgens Johannes**.
- As jy daagliks die kort oordenking van ds Jaco oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmien gerus.

Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus
Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?
Antwoord: Ek moet ter wille van my sieleheil, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees en eer. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie
14 Hansie Coetzee; Annelien Naudé
15 Hannetjie Diedericks (89j); Jan van Loggerenberg
16 Sarah de Wet (92j); Jan Hugo
17 Hennie Wessels
18 Betsie Deysel (82j)
19 Albertus du Preez

Huweliksherdenking

Februarie
19 Wikkie & Telulah Meyer (53j)

Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal, nou uit Hoësorg.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Anna Klok – komplikasies ná prosedure in hospitaal.

Dankbaarheid

Een van die drie beginsels waarby ek as Christen leef, is Dankbaarheid. Die

tweede vraag en antwoord in die Heidelbergse Kategismus leer ons immers dat ons drie dinge behoort te weet om getroos te leef en te sterf: 1)Hoe groot my sonde en ellende is, 2) Hoe ek daarvan verlos kan word, en 3) Hoe ek God vir so 'n verlossing **dankbaar** moet wees.

Alhoewel ek dwarsdeur my lewe deur die Heilige Gees, die Bybel en gebed nog altyd hierdie beginsel nastreef, leer ek hoe ouer ek word hoe meer wat dankbaarheid eintlik beteken,

Die Covid.19-pandemie en die tyd van inperking het my baie lesse geleer. Dit was en is nog steeds 'n moeilike tyd, maar ook n tyd waarin ek geleer het en nog steeds leer om stil te word voor die Here, en elke dag al hoe meer in afhanklikheid van Hom te lewe. Ek lees meer Bybel en hoe meer ek lees, hoe meer kom dankbaarheid onder my aandag.

- Efes 5:20 - Dank God die Vader altyd oor alles.
- Kol. 3: 15b - Wees altyd dankbaar.
- 1 Tess 5: 18 - Wees in alle omstandighede dankbaar.

Dit is maar net enkele voorbeelde.

Hoe meer ek hieroor nadink, hoe meer redes kry ek om dankbaar te lewe. En hoe meer sien ek klein en groot dinge raak waarvoor ek elke dag dankbaar is: my man, kinders, uitgebreide familie, geloofsfamilie, vriende en alles waardeur die Here hulle en my daagliks dra, die natuur, lewensmiddele, menslike engele op my pad, ensovoorts, TE veel om op te noem. En ook: hoe meer kom ek agter dat Dankbaarheid nie afhanklik is van my omstandighede nie. Ál wat ek nodig het om in dankbaarheid te lewe, is om te weet dat ek aan die Here behoort en dat Hy my in Sy diens wil gebruik en vir my sorg en altyd sal sorg. En dit ondervind ek elke dag vandat ek my verstand het. Goeie en slegte tye maak nie die verskil nie, die Here wat by my is en vir my omgee, maak die verskil.

Ek bid nou al meer as twee jaar lank dat die Here my regteroog sal laat verbeter, alhoewel ek weet die skade wat 'n onervare oogarts daaraan veroorsaak is, is onomkeerbaar. Die afgelope week het ek my oë laat toets, want ek was bang my gesonde oog gaan dalk ook agteruit sonder dat ek dit weet. Die uitslag: dit gaan nie beter met my regteroog nie, maar my linkeroog het in so 'n mate geleer kompenseer dat die sig in my linkeroog eintlik 'n klein bietjie béter is as twee jaar gelede. Toe sê ek vir my mense dalk is die Here besig met die wonderwerk in my goeie oog, eerder as my beskadigde oog. En ek is oorstelp en dankbaar! My gebed bly dat die Here elke dag hoe langer hoe meer my geloofs-oë sal oopmaak sodat ek waarlik my lewe in dankbaarheid kan lewe.

Elmien Thom

Vrouebediening

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier) Mev. Sorina Stander

16 Feb Kerkraadsvroue-vergadering 14:30
4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue
6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief
16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)
17 Mrt Skole sluit

Leraar:	**Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	**Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	**Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	**Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001